

Touhekel

(Clothesline crochet)

Dit is 'n maklike manier om 'n sterk mat te hekel.

WAT HET JY NODIG?

'n Rol tou wat jy by 'n ysterwarewinkel koop
Hekeldraad van jou keuse

WAT KAN JY DAARMEE HEKEL?

Klein of groot ronde mat, mandjie of plekmatjies



Die mat sal jare hou.



Dié soort hekelwerk is
nogal straf op
jou vingers.



WENKE

- Jy kan enige tou in enige dikte gebruik.
- Hoe dikker die tou, hoe dikker die hekeldraad wat jy moet gebruik om dit te bedek.



DOEN DIT SÓ

STAP 1: Maak 'n skuifknoop.

STAP 2: Hou die skuifknoop op die hekelpen aan die agterkant van die tou.



STAP 3: Bring die hekelpen na voor en onder die tou deur, haak die hekeldraad en bring dit voorom die tou.



STAP 4: Sit die draad om die hekelpen en trek dit deur albei lusse.



STAP 5: Die draad waarmee jy werk, bly aan die agterkant van die tou.


STAP 6: Steek die hekelpen weer onder deur die tou na agter, haak die draad, bring dit om die tou na voor, sit die draad om die hekelpen en trek dit deur albei lusse op die pen.

STAP 7: Herhaal stap 6 altesaam 10 keer.



STAP 8: Skuif die steke sodat jy 'n kort stukkie oop tou het om mee te werk.

STAP 9: Vou die kort punt van die tou so styf as moontlik na onder en agter in 'n sirkel tot die eerste en laaste hekelsteek teen mekaar is.



STAP 10: Hou dit so styf as moontlik so vas.

STAP 11: Maak 2 kb in elk van die 10 kb om die tou (20 kb).



STAP 12: Plaas 'n merker in die 20ste (laaste) kortbeen.



STAP 13: Rol tou al om die middelste sirkel soos wat jy voortgaan en maak kortbene om die tou soos volg:

Vlg rdte: 1 kb in 1ste kb, 2 kb in vlg kb, *1 kb in vlg kb, 2 kb in vlg kb, herh van * rondom, gs in 1ste kb aan die beg. Plaas merker in laaste st (30 kb).

Vlg rdte: 1 ks, *1 kb in elk van vlg 2 kb, 2 kb in vlg kb, herh van * rondom, gs in 1ste kb. Verskuif merker na laaste kb (40 kb).

Vlg rdte: 1 ks, *1 kb in elk van vlg 3 kb, 2 kb in vlg kb, herh van * rondom, gs in 1ste kb. Verskuif merker na laaste kb (50 kb).

Vlg rdte: 1 ks, *1 kb in elk van vlg 4 kb, 2 kb in vlg kb, herh van * rondom, gs in 1ste kb. Verskuif merker na laaste kb (60 kb).

STAP 14: Herh laaste rdte met in elke rdte een meer kb tussen dubbele kb tot hekeldraad op is.

STAP 15: Om nuwe bol hekeldraad te las, trek nuwe bol se draad deur die laaste twee lusse van die laaste kb van die vorige bol.

STAP 16: Trek die twee los punte agter stywer en werk oor die los punte om dit weg te werk.

STAP 17: Gaan voort soos tevore tot verlangde grootte.

STAP 18: Knip hekeldraad af en trek die punt stewig deur die laaste lus.



PROJEK

Matzjie



BENODIGHEDE

YARN ART Macrame Cotton Spectrum (250 g)
2 bolle in kleur 1327
30 m katoentou van 5 mm in deursnee
6 mm-hekelpen

ALTERNATIEF

Enige ekstradik hekeldraad van jou keuse
Aanbevole hekelpen vir jou hekeldraad

WENKE

- Tou is by ysterwarewinkels beskikbaar.
- Katoenhekeldraad werk goed vir die mat.
- As die mat aan die einde begin kartel, werk een of twee rye sonder vermeerderings om dit weer plat te trek.
- Vir 'n groter mat, sit einde en begin van tou 'n entjie oormekaar en hekel bo-oor albei.

AANWYSINGS

Begin entjie van tou se punt af en maak 10 kb om tou.
Vou tou se punt styf in sirkel na agter. Draai tou om jou eerste ry kb en maak 2 kb in elke kb om tou, gs in eerste kb aan beg.

Gaan voort in rondtes al om tou tot twee bolle Macrame-draad opgebruik is, eindig by merker.

Knip tou af en trek punt deur laaste lus om te verstewig.

VOLTOOI

Werk die punt aan die einde aan die agterkant weg.

Lê die mat plat neer, bedek met 'n klam lap en laat droog word.

